Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

# AFRIKAANS (EERSTE ADDISIONELE TAAL)

GRAAD 10

NOVEMBER EKSAMEN

TAAK 9.1: VRAESTEL 1

PUNTE: 80

TYD: 2 UUR

NASIENRIGLYNE

**Hierdie MEMO bestaan uit 10 bladsye**

**OPSTELLER:** F AMARDIEN

## AFDELING A: LEESBEGRIP ALGEMENE NASIENRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie, omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken nie vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die leerder gee ’n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en ’n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na – eers horisontaal en dan vertikaal.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudige keuse-vrae.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ARTIKEL**

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Figuurlik | (1) |
| 1.1.2 | Dit beteken dat sy droom waar word. / Dit kan ook beteken dat dit ’n realiteit word. | (1) |
| 1.2 | Carl Koch | (1) |
| 1.3 | Rugby | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.1 | Dit help hom om weg van sy pyn en verlies te beweeg/daarvan te vergeet. Al is dit net vir 'n oomblik. | (1) |
| 1.4.2 | - Kyk gewoonlik flieks/televisieprogramme<br>- Speel sport<br>- Luister na musiek<br>- Lees boeke<br>- Sosialiseer met vriende<br><br>ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD. | (1) |
| 1.5.1 | "'n 12-jarige rugbyspeler" | (1) |
| 1.5.2 | Italië | (1) |
| 1.5.3 | Springbokke | (1) |
| 1.6 | Dit beteken dat jou hart nie gewoonlik in 'n "normale" toestand is nie of nie "normaal" klop soos ander s'n nie. | (1) |
| 1.7 | Sewe maande | (1) |
| 1.8.1 | Agt maande | (1) |
| 1.8.2 | Hartoperasie | (1) |
| 1.9.1 | Rugbytoernooi in Klerksdorp vir die Griekwas | (1) |
| 1.9.2 | 1 week | (1) |
| 1.10.1 | JA – Die lewenstyl en standaard in Europa is duurder./Randeenheid is swak.<br><br>NEE – Wanneer individue die land verteenwoordig, moet daar voorsiening gemaak word. Alle koste moet gedek word. | (1) |
| 1.10.2 | - Tuisgebakte koekies<br>- Lootjie (*raffle*)<br>- Kompetisie (bingo, speletjiesaand)<br>- Disko<br>ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD. | (2) |
| 1.11.1 | B | |
| 1.11.2 | C | |
| 1.11.3 | A | (3) |
| | | |
| 1.12 | Handré Pollard/Damian Willemse | (1) |
| 1.13.1 | - Veerkragtigheid. | |

| | | |
|---|---|---|
| | - Moet nooit ophou droom nie.<br>- Omstandighede moet ons nie verhoed om ons droom te bewaarheid nie. | (1) |
| 1.13.2 | - Aktief betrokke wees by die sport wat die leerder/kind doen.<br>- Moet ten minste belangstelling wys.<br>- Bied ondersteuning al weet jy min van die sport wat die kind/leerder speel om by betrokke is.<br><br>ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD. | **[24]** |

**TEKS B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.14 | Kinders/16-jariges en die tyd wat hulle deurbring op hulle selfoon. | (1) |
| 1.15 | iPhone/Samsung/Oppo/Huawei<br><br>[Enige twee] | (2) |
| 1.16 | Wes-Kaap | (1) |
| 1.17 | • Die begeerte om te wil inpas.<br>• Die eienskappe (*features*) van hierdie tipe foon is beter/die beste.<br>• Dit laat jou toe om meer en beter dinge uitgerig te kry.<br><br>ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD. | (1) |
| 1.18 | Nee, dit wys eintlik vir ons hoe afhanklik hulle van die elektroniese toestel is.<br><br>Ja, omdat die land alles duur maak./Nie toegang tot basiese dinge soos internet/WIFI. | |
| | | **[6]** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

Lees die teks hier onder en voer die instruksies uit.

**VRAAG 2**

Self-respek is uiters belangrik voordat jy aan ander respek wys.

| DIREKTE AANHALING | EIE WOORDE |
|---|---|
| **1.** Selfrespek begin by die manier waarop jy oor jouself dink en hoe jy jouself behandel. | **Jy moet positief oor jouself voel.** |
| **2.** Een manier om jouself te respekteer, is deur grense te stel. | **Stel grense vir jouself.** |
| **3.** As jy voel iets is verkeerd of nie reg vir jou nie, het jy die reg om "nee" te sê. | **Jy kan NEE sê as jy nie gemaklik is nie.** |
| **4.** Nog 'n manier is om vir jou liggaam en gees te sorg. | **Maak seker jy eet gesond/kry genoeg slaap/oefen gereeld.** |
| **5.** Moet ook nie jouself vergelyk met ander nie. | **Moet nooit jouself vergelyk nie.** |
| **6.** Respek vir jouself beteken ook dat jy jou foute erken. | **Erken wanneer jy foute begaan/Leer uit jou foute.** |
| **7.** As jy goed presteer het, vier dit. | **Vier jou prestasies.** |
| | **TOTAAL AFDELING B: 10** |

| **Nasien van die opsomming** |
|---|

Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die relevante feite soos deur die teks voorgeskryf. Die opsomming moet soos volg nagesien word:

**Puntetoekenning:**

- 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
- 3 punte vir taal
- Totaal punte: 10

**Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**

- 1–3 korrekte feite: 1 punt
- 4–5 korrekte feite: 2 punte
- 6–7 korrekte feite: 3 punte

(Indien selfs net één van die feite 'n direkte aanhaling is, ignoreer hierdie kategorie en beoordeel volgens die volgende kategorie.)

Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:

- 6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
- 4–5 korrekte aanhalings: maksimum 1 punt vir taal word toegeken
- 2–3 korrekte aanhalings: maksimum 2 punte vir taal word toegeken
- **Toegewing:** Indien die kandidaat slegs één korrekte feit gee en daardie feit is 'n direkte aanhaling, verdien die kandidaat net 1 punt vir die feit (aanhaling) en geen punte vir taal nie.

'n Direkte aanhaling is woord vir woord. Indien een woord uitgelaat of omgeruil is, is dit nie 'n direkte aanhaling nie.

**LET WEL:**
**Aantal woorde:**

- Nasieners moet die aantal woorde verifieer.
- Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die aantal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- Indien die maksimum aantal woorde (70 woorde) oorskry word, moet die nasiener VYF woorde ná die 70 woorde grens aan lees en nasien. Ignoreer die res van die opsomming.

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

## ALGEMENE NASIENRIGLYNE

1. **Spelling:**

- Eenwoordantwoorde word as korrek aanvaar selfs al is die spelling verkeerd. Die fout mag net nie die betekenis van die woord verander nie. Waar woordstrukture getoets word, moet dit korrek gespel word.
- By volsinantwoorde word verkeerde spelling slegs gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
- Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Aanvaar fonetiese spelling van woorde waar (sp) nie as vereiste aangedui is nie. Indien die fonetiese spelling die sinsbetekenis verander, word dit nie aanvaar nie.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudige keuse-vrae.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| | | |
|---|---|---|
| 3.1. | Nike-skoene | (1) |
| 3.2 | Mense wat van die handelsmerk (Nike) hou.<br>LW. MOET nie "tiener" aanvaar nie. Dis stereotipering. | (1) |
| 3.3.1 | "Slegs by die Nike-winkel". | (1) |
| 3.4 | Rand | (1) |
| 3.5 | Aanlyn bestellings kry 30% af./Daar is 'n afslag as jy aanlyn koop. | (1) |
| 3.6 | B) Dadelik skoene koop. | (1) |
| 3.7 | Winkels | (1) |
| 3.8 | Instagram en TikTok | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | JA - Skoene kan duur wees, omdat hulle van goeie gehalte materiale gemaak word wat langer hou. Bekende handelsmerke gebruik dikwels beter ontwerp, tegnologie en arbeidstandaarde, wat die prys regverdig. Mense betaal dus vir gemak, duursaamheid en styl.<br><br>OF<br><br>NEE - Skoene hoef nie so duur te wees nie, want daar is baie bekostigbare opsies wat net so gemaklik en mooi is. Party mense betaal net vir die handelsnaam, nie vir beter gehalte nie. | (1) |
| 3.10 | Adidas/Under Armour/Filas/Jack Parcel<br><br>ENIGE ANDER HANDELSMERK. | (1) |
| | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Sy | (1) |
| 4.2 | Sy beklemtoning word bewerkstellig deur die oormatige vraagtekens.<br><br>En<br><br>Dis die hoofletters wat sy stemtoon beklemtoon. | (2) |
| 4.3 | Sy mond is wawyd oop wat die idee gee dat hy skree. | (1) |
| 4.4 | Zits vra of ma altyd die waarheid weet? | (1) |
| 4.5 | - Hy maak geen oogkontak nie.<br>- Hy lees sy koerant. | (1) |
| 4.6 | Jy gaan na ʼn partytjie toe. | (1) |
| 4.7 | Stereotipering | (1) |
| 4.8 | Leuens | (1) |
| 4.9 | LEERDERS SE RELEVANTE ANTWOORD. | (1) |

**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

| | | |
|---|---|---|
| 5.1.1 | Die kind is **lui (toon apatiese gedrag)** | (1) |
| 5.1.2 | teleurgesteld/ongeïnteresseerd | (1) |
| 5.1.3 | Maandag | (1) |
| 5.1.4 | aansit | (1) |
| 5.1.5 | Ek en Manny het mekaar gegroet, maar ons eie rigtings huis toe geloop. | (1) |
| 5.1.6 | die | (1) |
| 5.1.7 | Alles het so gesellig gelyk. | (1) |
| 5.1.8 | grappe | (1) |
| 5.1.9 | Ge+slag | (1) |
| 5.1.10 | 'n Skaap is deur hulle geslag vir haar kind. | (1) |
| 5.1.11 | eerste | (1) |
| 5.1.12 | glimlaggie | (1) |
| 5.1.13 | dolgelukkig | (1) |
| 5.1.14 | Persoonlike voornaamwoord | (1) |
| | | **[14]** |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.1 | Leerders/studente | (1) |
| 5.2.2 | Hemp | (1) |
| 5.2.3 | Voor | (1) |
| 5.2.4 | Drie leerders lees saam in die biblioteek. | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 5.2.5 | Laggende | (1) |
| 5.2.6 | Witter | (1) |
| | | **[6]** |
| | | **[20]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:**<br>**GROOTTOTAAL:** | **40**<br>**80** |